UITGAWE 8 | JAARGANG 22 | 10 MEI 2024

# VRY POS

## PINKSTERTYD

LOER | LEES | LUISTER | LEER

NG Kerk Vrystaat

# INHOUD


**03** **VRYPOS-FOKUS**

ONDERSTEUNING
**So ondersteun die Helpmekaar Beursfonds my** - *'n student in besigheidsbestuur vertel*

**04** **ARTIKELS**

BEDIENINGSBEGELEIDING
**Predikante Netwerk** | *Praktiese selfsorg vir predikante met prof Yolanda Dreyer*

BEDIENINGSBEGELEIDING
**Predikante Netwerk** | *Begeleiding aan ons predikante*

BEDIENINGSBEGELEIDING
**Ekologie Netwerk** | **(Deel 1)** | *"War on Waste" - Ons Oorlog teen Afvalvullis*

VENNOTE IN GETUIENIS
**Afrika, kontinent van Lig (Deel 3 van 5)** | *Ander onderwerpe van bespreking*

VENNOTE IN GETUIENIS
**Werkgroep vir Islam** | *Name van Christus wat die Koran aan Allah gee*

AFRIKA-EKUMENE
**CAVA-nuus** | *Opwindende nuus uit Zimbabwe!*

**06** **VERBI DIVINI MINISTER**

EREDIENS NETWERK
**Martin Laubscher** | Suig aan die agterste speen?

**07** **CLARENS HERMITAGE**

LEIERSKAP NETWERK
**Jan Venter** | 'n Kombinasie van 'n pelgrimstap met 'n retraite

**10** **UIT DIE FAKULTEIT**

FAKULTEIT TEOLOGIE EN RELIGIE (UV)
**Lyzette Hoffman** | Die ewige student

**11** **MEDIATEEK**

BOEK EN INVENTARIS
**Cas Wepener** | *Die heiligheid van hier*
Ontdek die goddelike op onverwagte plekke

**13** **EKOLOGIE**

**Wêreld-trekvoëldag** | Saterdag 11 Mei 2024

**15** **AKTUEEL ALGEMEEN**

**15** | CLF - Pinksterreeks 2024
**17** | Advertensies

**20** **VERJAARSDAE**

**21** **OPLEIDING**

**22** **NUUSBRIEWE**
**PUBLIKASIES**
**BROKKIES UIT KERKBODE**

**24** **WAT'S NUUS?**
**KALENDER**
**VAKATURES**
**AFLOSLERAARS**

**25** **'N LAASTE GEDAGTE**

**Etresia van Schalkwyk** | Krag van die Gees

**26** **KONTAK ONS**

## FOTO'S

Canva | Pixabay
Flickr | Pexels | Pixton
Tensy anders vermeld

## ARTIKELSKRYWERS

Mariëtte Odendaal
Enrico Casaleggio
Jan Venter | Martin Laubscher
Lyzette Hoffman
Etresia van Schalkwyk
*Grens.Pos*, Oos-Kaapland
*VrydagNuus*, Kaapkerk
*Bybel-Media* | *CLF* | *Kerkbode*

---

## PINKSTERTYD

Die fees, sewe weke na die Pasga, is met die eerste gerwe koring wat van die lande af geoes is gevier en was destyds die bewys van die Here se seën. Die Heilige Gees word tydens Pinkster vyftig dae (sewe weke) ná die Here Jesus se opstanding uit die dood, uitgestort. God stuur sy Gees, sy "oes" na Sy volk juis om aan hulle 'n nuwe lewe en 'n toekoms te gee.

## DAGBOEK DÍT

GERONTOLOGIE NETWERK
***Sug én hoop** ... 'n Geloofs-perspektief in verkiesingstyd*
**22 Mei 2024 | 09:30 - 11:00**
RSVP teen Donderdag 16 Mei

## VOLGENDE VRYPOS

Die volgende uitgawe van *VRYPOS* verskyn op **Vrydag 24 Mei**.

Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

# REDAKTEUR


**BYDRAES EN NAVRAE**
cmclean@ngkvs.co.za

## CELICIA MCLEAN

ngkerkvrystaat.co.za






Foto: Canva



# SO ONDERSTEUN DIE HELPMEKAAR BEURSFONDS MY - *'n student in besigheidsbestuur vertel*

Deur Mariëtte Odendaal

*"Aanvanklik was ek van plan om deeltyds te werk om die res van my klasgeld af te betaal, maar dit was moeilik om 'n werk te kry wat by my klastye inpas. Die Helpmekaar Beursfonds het dit egter vir my moontlik gemaak om voltyds te kan studeer; ek kan nou al my klasse bywoon, my klasgelde afbetaal en ook handboeke bekostig, wat 'n baie duur uitgawe is."*

*André Boshoff*
*UV-student: BCom (Besigheidsbestuur)*

Om deesdae jou begroting te laat klop, is vir ons almal 'n groot uitdaging. As jy boonop 'n student is, is die uitdaging soveel groter. Die koste van studie by tersiêre instellings raak by die jaar duurder en elke sent help.

Die Helpmekaar Beursfonds van die NG Kerk Sinode Vrystaat is een van die reddingsboeie wat in hierdie tyd vir 'n verdienstelike student van groot waarde en hulp kan wees.

Een van die studente wat die afgelope tyd by hierdie beursfonds baat gevind het, is André Boshoff van Bloemfontein. Ons het meer daaroor by hom gaan uitvind.

**André, vertel ons meer van jouself en waarom jy besluit het om verder te gaan studeer.**

"Ek is in Bloemfontein gebore waar ek aan die Primêre Skool Universitas (Tjokkies) en Hoërskool Jim Fouché my skoolloopbaan voltooi het.

Lees meer »

# ARTIKELS

UIT DIE SINODE | AFRIKA-EKUMENE

BEDIENINGS-
BEGELEIDING



*Mariëtte Odendaal | Grens.Pos*

Predikante Netwerk

**Praktiese selfsorg vir predikante met prof Yolanda Dreyer** »

BEDIENINGS-
BEGELEIDING



*Mariëtte Odendaal*

Predikante Netwerk

**Begeleiding aan ons predikante** »

BEDIENINGS-
BEGELEIDING



*Mariëtte Odendaal*

Ekologie Netwerk | 1

**"War on Waste"**
**Ons Oorlog teen Afvalvullis** »

VENNOTE IN
GETUIENIS




*Mariëtte Odendaal*

Afrika, kontinent van Lig | 3

**Ander onderwerpe van bespreking** »

VENNOTE IN
GETUIENIS



*Dr Enrico Casaleggio*

Werkgroep vir Islam

**Name van Christus wat die Koran aan Allah gee** »

AFRIKA-EKUMENE




*Oorgeneem uit VrydagNuus, Kaapkerk*

CAVA-nuus

**Opwindende nuus uit Zimbabwe!** »

NG Kerk Vrystaat

*'n Volgende geslag se impak in die Vrystaat is onberekenbaar*

## SAAM MAAK ONS 'N VERSKIL

# HELPMEKAAR VRYSTAAT



**Helpmekaar Vrystaat**
gee jaarliks beurse aan studente
Vanjaar het 92 studente aangeklop
Slegs R 12 855 per student beskikbaar

**SKENK VANDAG**

## DONASIES

**NG Kerk Vrystaat**
**Nedbank**
**Takkode: 198765**
**Rek: 1178 097 218**
*Verwysing: Helpmekaar*

Van die aansoekers vir 2024 is voornemende

| | |
|---|---|
| Landboukundiges | 05 |
| Onderwysers | 23 |
| Mediese Personeel | 20 |
| Maatskaplike Werkers | 04 |

tbotha@ngkvs.co.za (051) 406 6700



# SUIG AAN DIE AGTERSTE SPEEN?

***Deur** dr Martin Laubscher, Erediens Netwerk*

Van die al die feeste op die Christelike kalender mag Hemelvaart dalk aan die agterspeen suig, en dalk is dit nie so sleg om met so 'n erkenning te begin nie. Hemelvaart op daardie melkweg – agterspeen as agtste speen – is dalk net die plek waarmee ons die betekenis van hierdie fees vir ons lewens verder kan ontsluit. En net om seker te maak en dit duidelik te stel: Die bedoeling is allermins om Hemelvaart as agterste (lees: ’n minderwaardige) speen te posisioneer, maar as dit ons kan help om te besef dat ons nie van Hom gespeen is nie en ook nie strewe na 'n gespeende bestaan nie, dan hoekom nie?

Hemelvaart openbaar tog hoe Christus en ons nóg afskeid neem van mekaar, nóg afstand doen op die werklikheid voorhande waarop ons wag, nóg onttrek aan die versoenende werklikheid wat Hy vir ons bewerk het. Trouens, die punt is om die negatiewe ook positief te stel: Sy teenwoordigheid in ons lewens, ons verbondenheid aan die lewe van die Drie-enige God, die posisionering van ons liggaamlikheid en blik op ons konkrete aardse werklikheid, is hiermee eintlik na die volgende vlak geneem.

Hemelvaart wil ons nie speen nie, of ten minste nie op so ‘n manier dat dit ons oorlaat aan ‘n (ver)vreemde gevoel van onafhanklikheid-en-vryheid, of dat ons nou hiermee sal onttrek en ontvlug van ‘n “nuwe” werklikheid voorhande, of dat religieuse aktivisme ons enigste voorland is nie. Nee, die voeding (bedoeling en bestemming) van Hemelvaart is tog allermins so ‘n verwronge, afsydige blik op die werklikheid. Dit suig (en so kan daar nie aan gesuig word nie)! Waaraan ons wel wil suig, en mee gevoed wil word, is om suigelinge van hierdie God te bly, en sodoende groter wasdom te bereik in ons heerlike afhanklikheid van Hom.



***Foto: Dr Martin Laubscher** (verskaf)*

**Lees meer** »

# CLARENS HERMITAGE

## LEIERSKAP NETWERK




Deur **ds Jan Venter** | Leierskap Netwerk

> "In hierdie stories vind die stapper hom- of haarself opnuut en kry die geleentheid om diep te reflekteer oor hoe God met ons deur ons lewe op pad was en steeds is."

Die sleutelwoord hier is 'pelgrim-dagstappe' in plaas van 'gaan op een lang staptog oor etlike dae van punt A na punt B'. Soggens ná 'n kort oordenking rondom koffie en beskuit in die kerksaal vertrek die stappers, vergesel van 'n plaaslike gids, op korterige dagstappe van tussen 11 en 13 km in die omgewing rondom Clarens. Die stappe is beplan om direk in te skakel by die dagtemas en loop deur sommige van Clarens se mees geskiedkundige plekke. Meer as twee derdes van die staproetes is juis op privaatgronde van plaaslike boere en sal nie op 'n ander wyse as saam met 'n hermitage-gids beleef kan word nie.

Daar is tye wanneer die groep in stilte stap, maar daar is ook ruim tyd vir gesels en om na mekaar se stories te luister. Stories vorm 'n belangrike deel van hierdie belewenis. 'n Mens stop dikwels by uitsigte of historiese bakens sodat die gidse 'n staaltjie of stukkie inligting kan deel uit die omgewing se storieryke erfenis. Hierdie "begronding" van die stap is belangrik om die stapper se voete op die stapgrond en los van sy normale paaie te kry.

In hierdie vrugbare vallei sypel die stories letterlik uit die grond. Daar steek 'n storie agter die rooi, room en swart ertslae wat miljoene jare terug gevorm is en in sommige van die omliggende rotsformasies soos die indrukwekkende Titanic-rots duidelik sigbaar is.

BEDIENINGSBEGELEIDING

Lees meer »

NG Kerk
Vrystaat

# BOEKPROJEK
## TWEEDE FASE

# Afrikaanse digbundels Romans

Vir die tweede fase van ons boekprojek is ons op soek na Afrikaanse digbundels en Afrikaanse romans van skrywers van die Vrystaat (Karel Schoeman, Antjie Krog ens)

**PROF HENCO VAN DER WESTHUIZEN**

hvdw@ufs.ac.za of WhatsApp/SMS na 072 180 8181

© 2024 | NG Kerk Vrystaat

Gerontologie
Betekenisvolle **veroudering**

GRATIS

bit.ly/3wjGZBX



PROF
**JAN-ALBERT VAN DEN BERG**
Pastorale sorg en berading

Aandbloem gemeente in samewerking met die **Gerontologie netwerk** bied met trots aan

# **SUG** ÉN HOOP...

'n **Geloofsperspektief** in verkiesingstyd

Woensdag **22 Mei 2024**

**09:30 - 11:00**

**NG Gemeente Aandbloem** (Engo)

**083 561 6327**

**WhatsApp "JA"**
om te **RSVP** teen **16 MEI**

THEOLOGY AND RELIGION
TEOLOGIE EN RELIGIE

# Die ewige student

*Inspiring excellence. Transforming lives.*



**Dr Lyzette Hoffman**
*Geloofsvorming en Jeugbediening in die Departement Praktiese en Missionale Teologie*

VISION 130 Renew and Reimagine for 2034 | UNIVERSITY OF THE FREE STATE UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT YUNIVESITHI YA FREISTATA UFS THEOLOGY AND RELIGION

Teologiese opleiding is 'n belangrike saak vir die kerk. Verskeie debatte is al op Sinodale vlak hieroor gevoer en besluite geneem. Anders as baie ander studierigtings, gaan dit in teologiese opleiding nie net oor die versameling van kennis nie. Dit gaan ook om die vorming van 'n bepaalde professionele persoon. Die verwerwing van kennis, die slyp van vaardighede en die spirituele vorming van die student, speel elkeen 'n belangrike rol. Universiteite en teologiese skole gee op verskillende wyses aandag aan die geestelike/spirituele vorming van die studente. Aan die Vrystaatse Fakulteit vir Teologie en Religie word daar onder meer 'n weeklikse biduur vir studente en dosente gehou.

Die geleentheid heet *Coram Deo* – in God se teenwoordigheid. In daardie uur is geleentheid vir aanbidding, lofprysing en om die Here se Woord te hoor – om veral meer van Sy teenwoordigheid bewus te raak. Teologiese studente leer meer van die Here in hulle studies, maar moet ook gelei word om meer bewustelik saam met Hom te leef. Dit is trouens waartoe elke kind van die Here geroep word – om al meer bewustelik in Sy teenwoordigheid te leef en al minder bewus van die wêreld met sy beloftes en eise.

Om teologiese opleiding te ondergaan is 'n voorreg. Dit rus jou toe met meer as net kennis oor die Bybel. Dit vorm jou om 'n bepaalde professionele persoon te wees wat kan luister – na God en mense, raadgee en raad aanvaar, aanmoedig en aanmaan. Dit is 'n besondere tyd in 'n persoon se lewe om kennis te kan opneem, te verwerk en in jou konteks toe te pas. Hierdie leertyd is egter iets wat lewenslank gekoester moet word, nie net deur teologiestudente nie, maar deur elke student van die lewe.

**Gebed van die Ewige Student**

*O Heer, hoor ons gebed in*
*hierdie spesiale tyd van die jaar –*
*Pinkstertyd.*

*Ons het behoefte dat U Gees*
*ons opnuut verfris en verras met*
*kennis oor Wie U is.*

*Laat die kennis wat ons in klasse*
*en preke opdoen nie net by*
*taalkonstrukte bly nie.*

*Laat dit deel word van nuwe*
*verwysingsraamwerke wat nie*
*vasval in ou bekende patrone nie.*

*Drie-eenheid, Verbond, Genade,*
*Liefde, Vergifnis, Almag.*

*Hoe kan ons klein verstand ooit*
*die diepte van al hierdie waarhede*
*vasvat?*

**Lees meer »**

# Die heiligheid van hier

## Ontdek die goddelike op onverwagte plekke

**Cas Wepener (Skrywer)**

*AFRIKAANS / SAGTEBAND / PINKSTERFEES*

"Die vyftig dae tussen Paassondag en Pinkstersondag is die ideale tyd om hierdie bundel essays te lees wat vanuit verskillende perspektiewe nadink oor God en godsdiens in die alledaagse.

***Die heiligheid van hier*** bevat sewe afdelings, elk met sewe essays, en dan nog 'n bykomende een. Nege en veertig plus een. Vyftig.

Die sewe maal sewe herinner aan die week met sewe dae, én aan God wat ses dae lank geskep en op die sewende dag gerus het. Die laaste essay kan die vyftigste een wees, maar ook 'n eerste nuwe hoofstuk, verteenwoordigend van die agtste dag. Sewe dae van skepping, en die agtste dag van nuutskepping, herskepping.

En herskepping is waaroor Pase en Pinkster gaan. Om ons opnuut bewus te maak: *Die ganse dag is ene God."*

"**Cas Wepener** is 'n predikant in die NG Kerk en professor in Praktiese Teologie aan die Fakulteit Teologie van die Universiteit Stellenbosch. Hy spesialiseer in liturgie en homiletiek. Cas skryf ook graag gedigte en fiksie."







*Oorgeneem uit bybelmedia.org.za*

Bybel-Media

## MEDIATEEK **INVENTARIS**

Loer gerus na die volledige inventaris van die NG Kerk Vrystaat Mediateek, Sinodale Kantoor

Navrae | **Anelia van den Blink**
**(051) 406 6700** of **kuratorium@ngkvs.co.za**

INSPIRASIE-OGGEND

# EK IS WIE GOD SÊ EK IS

**Ons almal dra swaar aan etikette**
**Mishandel; Verwerp; Verkrag; Alleen; Geskei ...**
**Maar wie sê God is ek? En wat is sy plan met mý lewe?**

**Kom ervaar**
**'n Werkwinkel aangebied deur lewensafrigter Johan Botha**

**'n Getuienis-onderhoud**
**Conette le Roux, LiG-webredakteur gesels met skrywer en motiveringspreker Johannes C Wolfaardt**

## 25 Mei 2024 | 09:00 – 12:30

**Kitengo Venue, Bloemfontein**
**R150 per persoon**

**RSVP en bespreek by 079 031 6089 teen 20 Mei**

SUPPORTING BUSINESS LEADERS TOWARDS GROWTH AND GREATER INFLUENCE
STRONGHOLD Unlimited
EXODUS 17:12
EST. 2020

LiG

KITENGO
Coffee Shop & Self-catering Venue



# WÊRELD-TREKVOËLDAG

## Saterdag 11 Mei 2024

*Deur **Mariëtte Odendaal***
*Oorgeneem uit **nationaltoday.com***

Dalk is jy een van die gelukkige mense wat ’n swaeltjienessie bokant jou voordeur of êrens onder jou stoepdak het. Op Saterdag 11 Mei vier ons Wêreld-trekvoëldag en kyk met nuwe oë na onder andere hierdie klein swaeltjie; ’n wonderwerkie daar reg op jou voorstoep. Ter wille van oorlewing migreer swaeltjies byvoorbeeld in die winter vanuit Brittanje na Suid-Afrika via Wes-Frankryk, Oos-Spanje en Marokko voordat hulle die Sahara-woestyn en die Kongo-reënwoud oorsteek. Hulle vlieg ongeveer 320 km per nag (ja, hulle vlieg nie bedags nie) en die hele reis neem ongeveer ses weke in beslag. Sommige spesies kan tot 9 656 km tydens hul migrasie vlieg. So, volgende keer as jy ’n swaeltjie sien wat deur die lug swiep, dan weet jy watter ongelooflike reise hulle oor kontinente heen aanpak.

Lees meer oor Wêreld-trekvoëldag HIERONDER.

NATIONAL TODAY **Lees hier »**

# HOW 2 STAY

*in the free state*

Senekal | Harrismith | Clarens | Kroonstad | Ficksburg | Frankfort | Bloemfontein



**Many are emigrating, others are semigrating, but some are bold enough to embrace the challenge. They are transforming the province little by little - from townships and dysfunctional municipalities to agriculture and large corporations.**

Join us as we engage with a range of tough, hopeful and creative Free Staters as they share how they are working to **turn a Frailed State into a Free State**.



## 01 JUNE, SAT

08:30 - 13:00

## PELLISSIER CHURCH

6 Vlakfontein Ave, Pellissier, BFN

[BE1] BETEREINDERS

STAND & WORK TOGETHER

Pellissier Gemeente

HOW2STAY

082 491 2463 | Johan

082 322 5484 | Charles


2024
Pinksterreeks
Pentecost series
NUUT
CHRISTIAN LITERATURE FUND
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS
PINKSTERREEKS
PENTECOST SERIES
https://clf.co.za/resource-toolkit/
Laai dit van CLF se Hulpbronsentrum af / Download it from CLF's Resource centre
CLF


Ons kan
uit die hok van
armoede ontsnap
Braam Hanekom
NUUT


Warm
Winterhart
van Hoop!
Ongeveer 839 behoeftige kinders ontvang hulp op die een of ander manier van TOIBO, wat insluit klere en skoolskoene, voedsel, sanitêre ware, skryfbehoeftes, koshuisfooie, en vele meer.
Kom ons maak ons harte oop en gee warm hoop waar dit so nodig is vir hierdie winter.
Ons benodig donasies vir PROJEK WARMLYFIE om winterskooldrag, serpe, musse, handskoene en komberse te kan voorsien.
TRANSORANJE INSTITUUT VIR BUITENGEWONE ONDERWYS
Tel: 076 143 6961
info@toibo.org.za
www.toibo.org.za
ABSA TJEK REK 020 840 145

NG Kerk
Vrystaat


# FEITE EN FOUTE OOR KERK, GELOOF BEKYK

***Oorgeneem uit** die elektroniese Christelike Kernensiklopedie (eCKE)*

Die **elektroniese Christelike Kernensiklopedie (eCKE)** is die verbeterde, opgedateerde en aangevulde elektroniese weergawe van die gedrukte CKE wat in 2008 by Lux Verbi.BM in samewerking met Bybel-Media verskyn het. Die eCKE is 'n eerste van dié aard wat van meet af aan in Afrikaans geskryf is. Dit wil 'n sleutel wees dat jy God, sy Woord, sy kerk, die wêreld, die geskiedenis, jou land, jou geloof en jouself 'n bietjie beter kan verstaan.

**Lees hier »**




# HANDLEIDING VIR DIENSVERHOUDINGE IN GEMEENTES

***Oorgeneem uit** ©2022 NG Kerk in Oos-Kaapland*

Die hersiene 2022-uitgawe van die **Bestuursgids vir die NG Kerk**, 'n handleiding vir die bestuur van diensverhoudinge, is deur die Algemene Taakspan Predikantesake bekendgestel. Dit is werklik 'n belangrike bron van inligting vir diensverhouding-ekommissies in gemeentes. Die vorige uitgawe dateer uit 2010.


**Lees hier »**




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »

BEDIENINGSBEGELEIDING

Die Spiritualiteit Netwerk bied aan

# GEESTELIKE DISSIPLINES
## EN DIE EISE VAN DIE BEDIENING

### TEKEN DIE DATUM AAN

'n *Retreat* vir Vrystaatse leraars word gehou van Maandag 15 tot Woensdag 17 Julie by Moolmanshoek in die Oos-Vrystaat, met ds Barry van der Merwe, ervare *retreat*leier: *Die waarde van geestelike dissiplines om die eise van die bediening te hanteer.*



Vir enige dominee wat ernstig is oor sy/haar roeping, wat lief is vir die Here en lief is vir die gemeente, is dit moeilik om die balans te vind tussen werk, huislike lewe, ontspanning en persoonlike geestelike groei. Geestelike dissiplines soos bv. *lectio divina*, joernaalskryf en refleksiegebed is waardevol vir die nodige balans en om uitbranding te voorkom. Dié *retreat* wil leraars graag voorstel aan en bewus maak van die waarde van **geestelike dissiplines** vir verdieping en groei in hul persoonlike geloofslewe.

*Bywoning word ruim gesubsidieer deur die Spiritualiteit Netwerk.*
***Beperkte plekke beskikbaar**, bespreek reeds voorlopig by*

NG Kerk Vrystaat

**Magdaleen du Toit**, netwerk-sameroeper | 083 226 9732, **magdaleen.dutoit@gmail.com**




# 1 JUNIE - 30 JUNIE

**Verwarm 'n hart hierdie winter en word deel van 'n nasionale inisiatief om middele in te samel, wat mense in jóú omgewing, in hul nood kan help.**

Kontak ons vandag om deel te word

NG Kerk Vrystaat

Ds De la Harpe le Roux
083 232 1051 | dlh@ngkvs.co.za

# VERJAARSDAE



VEELS *geluk*

NG Kerk Vrystaat

## MEI

Ds Etienne Nolte
CLOCOLAN

20

21

Ds Braam van Zyl
HEILBRON

Mev Helena Smit
SINODALE KANTOOR

22

**WENSE VAN VOORSPOED, GOD SE SEËNINGE EN GENADE VIR DIE NUWE LEWENSJAAR**

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE



## EXCELSUS JAARPROGRAM 2024

2024

Teken die verskillende kursusse aan

Lees meer +



## EMMAUS BEWEGING PROGRAMME

2024

15 VBO-punte

Engelse aanbiedings

Lees meer +

**Navrae** +



## PASTORALE BERADINGS-KURSUS


28 Mei

5 VBO-PUNTE

Zoom-aanbieding
Prof Wentzel Coetzer
R250 p/p

Lees meer +

**Registreer** +



## BRUGBEDIENING EN GEMEENTE DIAGNOSE

Julie/Augustus

20 VBO-punte

Prof Malan Nel
NG Kerk Suidoos-Pretoria

Lees meer +

**Registreer** +

# NUUSBRIEWE EN PUBLIKASIES

PUBLIKASIES | BROKKIES UIT KERKBODE




## BROKKIES UIT kerkbode

**Palestynse teoloog getuig op Stellenbosch oor pyn wanneer hy hoor hoe konflik in Gasa regverdig word** »

*Kerkbode / 8 Mei 2024 / Nuus / Heléne Meissenheimer*

**Teologiese navorsing | Bedieningsbehoefte by studentegemeentes: 'Studente dink anders oor die kerk'** »

*Kerkbode / 7 Mei 2024 / Artikels / Doret Niemandt*

KOLLIG-PODSENDING

**Twee skrywersvriende gesels oor geloof, skrywers en boeke in Pinkstertyd** »

*Kerkbode / 3 Mei 2024 / Boeke, luister*

**Dana Snyman: Verandering, ook in die kerk, is nodig, maar verarm die verdwyning van sekere rituele uit die erediens ons nie geestelik nie?** »

*Kerkbode / 29 April 2024 / Nuus /Dana Snyman*

ELDERS GESIEN

**Só word gewerk om MIV se voortdurende impak op gemeenskappe te bekamp** »

*Kerkbode / 26 April 2024 / Nuus / Mias van Jaarsveld*

**'Dis nou méér as oorlog' – SA kerkleiers luister na noodkreet van Christene in Midde-Ooste namate dodetal klim in Gasa** »

*Kerkbode / 26 April 2024 / Nuus / Le Roux Schoeman*

BM Bybel-Media

**Publikasie**

*Gedoop met die Gees van Christus* »

*Oorgeneem uit bybelmedia.org.za*

BM Bybel-Media

**Publikasie**

*Lamenting for change* »

*Oorgeneem uit bybelmedia.org.za*

BM Bybel-Media

**Publikasie**

*Naby die kruis* »

*Oorgeneem uit bybelmedia.org.za*



VROUEBEDIENING

# Gelukkige Moedersdag

***- Oorgeneem uit Wees Stil,***
*aangepas (geskryf deur Martha, 6 Mei 2021)*

'n Ma is gemaak van staal, liefde, uithouvermoë en ragfyn kant. 'n Mamma-hart is groot, daar is altyd plek vir nog enetjie - dis groot genoeg om 'n ander mamma se kinders ook lief te hê! Daar is baie genade uit die hemel vir hierdie ma-wesens wat dikwels meer as 24 uur per dag aan die gang is, wat pleisters opplak, eina's gesond soen en eers rustig kan slaap as haar eie kroos veilig in die bed is. 'n Ma deins nie terug vir Goliat-uitdagings nie. Sy pak die bul by die horings en sy doen wat sy moet doen omdat sy kan, want sy is 'n ma wat weet waar haar daaglikse brood en krag vandaan kom.

Elke ma leef met die besef in haar hart dat sy elke minuut van elke uur van elke dag afhanklik is van die EEN wat haar gemaak het. **Soms wanneer jy mooi kyk, kan jy sien hoe 'n ma die glans van die hemel en die hart van God weerkaats.** Soms hoor jy hoe sy saggies met Hom praat, kompleet asof Hy daar reg langs haar staan. Weet jy wat is die mooiste deel van ma-wees? Jy hoef nie by die berg op te sukkel om God te gaan ontmoet nie, nee wat, Hy kom sommer af en kom ontmoet jou tussen vuil wasgoed en skottelgoed wat nooit op raak nie. Hy kom ontmoet jou sommer net daar waar jy is, weet net in elke mamma se hart leef daar 'n klein dogtertjie met 'n wit rok wat altyd smag na haar eie ma, veral wanneer die lewe haar voete onder haar uitskop en sy weerloos en alleen op die klipharde grond bly lê.

# WAT'S NUUS?

KALENDER | VAKATURES | AFLOSLERAARS | PREDIKANTENUUS

NUUT

**GEMEENTE**GEBEURE

**Kalender** | Belangrike datums

2024

**ADVERTEER AANLYN** HIER
of stuur 'n e-pos aan skakel@ngkvs.co.za

**www.ngkerkvrystaat.co.za**

NUUT

## VAKATURES

NG Kerk Vrystaat

skakel@ngkvs.co.za | **051 406 6700**

## VAKATURES

kerkbode

woes@mweb.co.za | **023 342 6030**

## AFLOS

NG Kerk

skakel@ngkvs.co.za | **051 406 6700**

## **Algemene Sinode** 2023



Kerkorde & Reglemente

Handelinge

Bestel Eksemplare

# **Krag** van die **Gees**

***Deur ds Etresia van Schalkwyk***
*Leraar van NG Gemeente Memel*



**Foto:** *Ds Etresia van Schalkwyk (verskaf)*

13 ***"Mag God, die bron van hoop, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, sodat julle hoop al hoe sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees!"***

- ROMEINE 15:13 AFR83

Pinkster bring 'n nuwe hoofstuk vir die dissipels wat Jesus groet, maar ook vir elke gelowige. 'n Hoofstuk wat nog net so vol is van krag en wonderwerke en 'n gelooflike God wat beweeg en leef, as toe Jesus self teenwoordig was.

Pinkster bring ons in die hoofstuk in waar die verandering en effek wat die Gees in en deur ons kan bewerk, duidelik word.

*"Pinkster herinner ons, dat ons self ook deur die* ***krag van die Gees*** *verandering kan bring."*

'n Hoofstuk waar ons nie net hoor van Jesus wat met mag optree nie, maar waar elke gelowige met hierdie mag uitgestuur word. 'n Hoofstuk waar die gewone persoon die Goddelike kom duidelik maak deur die werk van die Gees.

Die verandering wat die Gees in en deur ons bewerk, moet maak dat ons aanhou beweeg. Hierdie verandering moet ons beweeg tot 'n lewe waar God verheerlik word, Sy koninkryk eerste gesoek word en die vreugde oor Hom alles oortref. Verandering wat passie en vrede bring in elke situasie in die lewe. Verandering wat nie vanuit ons eie krag kom nie, maar slegs moontlik is deur ons afhanklikheid van die Gees wat deur ons werk. Die Gees waarsonder geloof (1 Korintiërs 12:1-3), sekerheid (Romeine 8:14-16) en groei (Johannes 16:12-15) nie moontlik is nie. Die Gees wat ons die krag gee om nie net fees te vier nie, maar ook bruikbare instrumente vir God te wees (Handelinge 1:8). Die Gees wat ook vir ons, as gebarste kruike, intree (Romeine 8:26-27). Die Gees wat herstel bring waar dit menslik onmoontlik is (Psalm 51).

Pinkster is waar ons weer besef wat die krag van die Gees, wat deur ons werk, kan doen. 'n Besef van die mag wat ons deur die Gees ontvang en tot ons beskikking het. God los ons nooit hopeloos en kragteloos op moedverloor se vlakte nie.

**Lees meer** »



# KONTAK ONS

REDAKSIE

### SAMESTELLERS

Celicia McLean (Redakteur), **cmclean@ngkvs.co.za**
Carlie Niehaus, **carlie@ngkvs.co.za**

### LUISTER-ARTIKELS

Mariëtte Odendaal, Mediadiensverskaffer
Revoicer (TTS)

### PROEFLESERS

Lisma Liebenberg
Cecilia Steynberg
Magdaleen du Toit

# NUUSGEBEURE INLIGTING BYDRAES

**voor 12:00 Dinsdae**
na cmclean@ngkvs.co.za

Teken in op **VRYPOS**
Kanselleer **VRYPOS**

**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**
**skakel@ngkvs.co.za**

ngkerkvrystaat.co.za

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301
Posbus 11412, Universitas 9321

© 2024 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**



**NG KERK VRYSTAAT** | **© 2024**

Departement
KOMMUNIKASIE EN BEMARKING